



Verwysing: 20201013-8753  
Lêerno.: 13/16/1/2  
Navrae: Assesseringskoördineerders by distrikte

Kurrikulum- en assesseringsbestuursminuut: 0005/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van spesiale openbare en privaat skole

**Onderwerp: Gewysigde assesseringsprogram vir 2020 in tegniese beroepsvakke vir graad 9**

1. Die inhoud van hierdie minuut is gebaseer op Omsendbrief 04 van 2020, met 29 September 2020 as datum, wat van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) ontvang is.
2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement se Omsendbrief 0018 van 2020, met 03 Augustus 2020 as datum, het inligting oor die hersiene assesseringsprogramme vir die Algemene Onderwys en Opleidingsband ingesluit.
3. In die hersiene jaarlikse onderrigplanne (JOP's) vir tegniese beroepsvakke word klem gelê op die dekking van die grondliggende inhoud en vaardighede wat leerders vir die werksopset voorberei. Die getal summatiewe assesseringstake is ook verminder.
4. Die volgende **assesseringseienskappe** moet toegepas word:
  - 4.1 Daar is slegs een summatiewe assesseringstaak wat vir alle vakke in Kwartaal 3 en 4 'n rol speel.
  - 4.2 **Tale:** Behoorlike oorweging moet gegee word aan die assessering van die verskillende taalkomponente wat in die hersiene JOP'e aangedui word. Party van die vaardighede moet egter slegs vir formatiewe doeleindes geassesseer word of as subkomponente van die een summatiewe assessering.

- 4.3 **Wiskunde:** Die assesseringstaak moet gebaseer wees op die basiese berekenings-, interpretasie en analitiese vaardighede van elke inhoudsgebied soos in die hersiene JOP'e bepaal is.
- 4.4 **Lewensvaardighede:** Die assesseringstaak moet op 'n reeks werklike gevalllestudies per kwartaal gebaseer wees.
- 4.5 **Praktiese assesseringstake (PAT's)/vaardighede:** In vakke wat 'n PAT verg, moet leerders basiese vaardigheid en kennis van die gebruik van instrumente, vervaardigingsprosesse en veiligheid wat met die vak verband hou, wys.
- 4.6 **Keuses:** Die noodsaaklike inhoud wat gedek moet word, word in die hersiene JOP'e weergegee en die een summatiewe assesseringstaak per kwartaal moet op werk wat in die verskillende vakke gedek is, gebaseer wees.
5. 'n Skoolgebaseerde toets vir alle vakke in Kwartaal 4 moet die werk in Kwartaal 3 en 4 dek.
6. Die berekening van die finale bevorderingspunte sal op 80% skoolgebaseerde assessering van Kwartaal 1 en 3 en die 20% skoolgebaseerde toets wat in Kwartaal 4 afgelê is, gebaseer word.
7. Omsendbrief S1 van 2018, met 19 April 2018 as datum, en die sakeplan wat die loodsprojek van die tegniese beroepskwalifikasie formaliseer, het betrekking op leerders wat tans in graad 9 is. Verdere besonderhede oor die uitreiking van verslagkaarte vir leerders in graad 9 sal weergegee word sodra die inligting van die DBO ontvang is.
8. Prinsipale van die skole wat geraak word, word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut met die betrokke onderwysers te deel.

**GETEKEN:** H MAHOMED

**WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2020-10-14